DIE VVVVVV (vir seuns)

geskryf deur

Ilne Fourie

Toestemming vir opvoerregte berus by:

Ilne Fourie

e-posadres: ilnefourie@gmail.com

Die V♥V♥V♥V♥V♥V

{*Valentyns Voorbereidingskool vir Vreeslose Volbloed Vryerige Vabonde*}

'n komedie

deur

ilne fourie

STELONTWERP





---

1 x Deursigtige skerm vir die gebruik van beligting en skaduspel

1 x Rooi geverfde kateder/podium met die VVVVVV slagspreuk op

4 x pienk kroegstoeltjies

1 x winkelpop/mannekyn met ‘n rooi lig op haar kop gemonteer

{DIE VVVVVV-slagspreuk: *‘n Hartedief het almal lief, ‘n hart van goud word saam-saam oud.*}

KOSTUUMS

Emeritus Professorus Fredrik Valentyn die Vierde

(FVV)

Kommissaris Koot Kruger (KKK)

Weemoedige Willempie Webner (WWW)

Buff Bicep Botha (BBB)

Spike Spanner Spencer (SSS)

Metro Mark Markhams (MMM)

Toneel 1

Wanneer die toneel begin is daar 'n enkel kollig op Emeritus Professorus Fredrik Valentyn die Vierde se kateder. Die gordyne is toegetek en die vier deelnemers neem reeds hul plekke in agter die skerm, dit is nie sigbaar vir die gehoor nie. Emeritus Professorus Fredrik Valentyn die Vierde het 'n reuse boek by hom en is druk besig met sy openingstoespraak en verwelkoming van die nuwe leerders, hy is salig onbewus van die gehoor.

Openingsmusiek – All you need is love (The Beatles) die musiek doof uit sodra FVV begin praat.

FVV: Geagte menere, jonge here, baie welkom hier by die VVVVVV – of dan nou in kort Die Valentyns Voorbereidingskool vir Vreeslose Volbloed Vryerige Vabonde. Hier by ons strewe ons na liefde, onvoorwaardelike liefde, die vrug van die paradys, om 'n holte in ons ribbekas te maak vir Eva, om haar tuis te laat voel, daar waar sy hoort, daar waar sy vandaan gekom het….(*hy raak heeltemal meegevoer in sy toespraak)* Menere, hoe 'n wonderskone ding is die liefde nie!!! In julle korte wyle hier by die VVVVVV gaan u 'n in diepe kykie kry na hoe 'n vrou se kop en kliere werklik werk! Maar soos ons gerespekteerde instansie se reëls en regulasies dit duidelik stippuleer - *geen rampokkers, tiekiedraaiers, kansvatters of losklosse* sal geduld word nie! So asseblief menere, geen slang-in-die-gras of onder-die-belt grappies sal die wondersoete taal van die liefde versuur en vervuil nie! Het jy jouself al ooit afgevra: Watter tipe man soek 'n dame? Wat laat haar liefderyk na jou kyk? Is dit jou beursie, jou motor, jou glimlag, jou adamsgestalte...(*hy skrik wakker uit sy waas)* Skaam jou Frederik! 'n Man van jou Kaliber praat nie so nie! Nee wag, dit is dalk bietjie te rof en onbeskof....Hier by die VVVVVV seëvier respek, trots en deursettingsvermoë, 'n man moet wees soos 'n rots waarop sy ribbokkie haar fyn hoefies kan vind en veilig voel....Wat sal mens nou sê? Hmmm, is dit jou...jou....jou Adonis-geskulpte skaping....dit is nou 'n mooi woord! (*glimlag trots)* Adonis-geskulpte skaping...JA! Of is dit die taal van die liefde wat jy praat. Wat sy verstaan. Wat sy vir die res van haar bestaan sal wil aanhoor tot jul eendag saam-saam op die stoep sit, krom en koud, grys en oud. (*besef hy het vergeet van die VVVVVV se leuse)* O donnderweer! Ekskuus. Ek vra nederig onverskoning...saam-saam...wat moes ek nou weer gesê het oor saam-saam...O ja!

Menere en welgeagte here – ons leuse hier by die VVVVVV is nie verniet: *'n hartedief het almal lief, maar 'n hart van goud word saam-saam oud* nie.

Ons missie en visie is om u as ongeslypte diamand die leksikon van die liefde te leer. Sodat u my liewe menere as diamand kan skitter tussen die boesem van u bokkie....Ek sluit graag af met 'n gediggie wat ek self neergepen het:

(*hy dra die gedig trots, maar vreeslik soetsappig voor. Kommissaris Koot Kruger (KKK) kom ongesiens binne, hy trap ongemaklik rond, sien dan dat FVV op sy eie planeet is, hy haal maar gedweë sy hoedjie af, vou sy hande en luister aandag na die voordrag van die gedig. Hy knik sy kop instemmend en luister met toe oë na die woorde.)*

"*my tortelduifie, my anysbeskuitlyfie,*

my goggatjie, my sterretjie,

my skattebol, my potjierol,

my pikkewyn, my harlekyn,

my skurwehakkies, my bloeiseltakkies,

my byname is te min, om jou te vertel waar my liefde begin..."

Ek dank u.

(FVV *lag uitbundig en slaan sy vuis in die lug)* Het jou jou katvis!!! So bêk kort jam! Dit is voorwaar die mooiste gedig wat ek nog ooit geskryf het! CJ. Langenhoven ek daag jou uit tot 'n bekgeveg – man teen man, woord teen woord, my pen is magtiger as jou swaard jou ou grysbaard!

KKK: (*kug ongemaklik)* Emeritus Professorus Fredrik Valentyn die Vierde?

FVV: (*skrik hom katswink en gooi al sy papiere en toespraak in die lug op)* Helaas! Ek skreeu hengsop! Meneer Langenhoven, kom u as vriend of as vyand! Ek vra nederig onverskoning…U is die stem. Ek is net 'n vokaal in die u reuse alfabet. Ek lê my pen voor u voete neer – u voete, die fondasie van ons volk…(*hy sak neer op die vloer en sy toga vou oor sy kop)*

KKK: Verskoon tog. Emeritus Professorus Fredrik Valentyn die Vierde? Is die tyd ongeleë om u dalk net vlugtig te spreek, net 'n paar woorde te wissel?

FVV: (*loer vanuit die flappe van sy toga)* Kommissaris Koot Kruger? Ek het u nie gesien nie. (*hy spring vinnig regop en trek sy toga reg)* Hoe lank staan u al hier?

KKK: (*ongemaklik)* Nie vreeslik lank nie Emeritus Professorus. (*hy skarrel en begin die papiere optel wat oor die vloer gestrooi lê)*

FVV: (*agterdogtig)* Hoe lank is nie vreeslik lank nie?

KKK: Dit is 'n besonderse gedig Emeritus Professorus. Ek moet bieg die versreël "*my skurwehakkies, my bloeiseltakkies..."* het trane in my oë laat opwel. Dit weerspieël dat alhoewel die vroulike geslag nie perfek is nie, hulle steeds gewortel in ons liefde groei en blom en vrug dra tot in lengte van dae....

FVV: (*effe omkant gevang, maar ook gevly)* Dink u werklik so Kollega? Wat 'n pragtige kompliment is dit dan nie! Ek dank u. Jy weet, U is 'n diep siel Kommissaris Koot Kruger. 'n Man van min woorde, maar vele durf en dade. Dit is hoekom ek u as my regterhand aangestel het. U diens hier by die VVVVVV is 'n riem onder ons hart.

KKK: (*trap senuweeagtig rond)* Baie dankie Emeritus Professorus. Ek dank u. Dit is net 'n voorreg en 'n eer.

FVV: Nou maar toe Kollega. Die nuwe leerders het seker al aangemeld. Ons moet begin aanstaltes maak vir die opening en verwelkoming. Het u die openingsmusiek vir ons gereed gekry? U weet, net vir bietjie atmosfeer en gevoel om die jong manne op hulle gemak te stel en welkom te laat voel hier by die VVVVVV. Wat was u musiekkeuse vir die groot dag?

KKK: (*hy haal senuweeagtig 'n sakdoek uit sy sak en vee sy voorkop af)* Hmmm....Emeritus Professorus, ek het dit goed gedink om "*March with me"* van Rina Hugo en die Drakensbergseunskoor te gebruik as verwelkomingsmusiek. Ek hoop u vind dit in orde so?

FVV: Mag ek u vra wat was die rede vir die keuse van daardie lied? Die dieper betekenis, as ek mag?

KKK: Ja, Ja, natuurlik Emeritus Professorus....ek het dit goed gedink om Rina Hugo te verpersoonlik as die volmaakte vrou. Die toonbeeld van Eva en van vroulikheid met natuurlik die stem van 'n engel. En dan die Drakensbergseunskoor om die manne...(*kug ongemaklik)* net weer in hul onskuld te kan laat glo. Om hulle te laat veilig voel en te laat verstaan dat hulle ook eens op 'n tyd haasbek seuntjies met sproetjies was.

FVV: (*lag uitbundig)* Kommissaris ek haal myself graag weer aan: 'n Man van min woorde, maar vele durf en dade. Dit is hoekom ek u as my regterhand aangestel het. U diens hier by die VVVVVV is 'n riem onder ons hart. Baie dankie Kommissaris. Dit is 'n weldeurdagte en rein simboliese draad wat deurlopend vervleg word deur ons missie en visie. Wel gedaan Kollega! Dit is pragtig.

KKK: Dankie Professorus. Net my plesier.

FVV: (*pluk aan sy toga)* Hoe laat is dit al?

KKK: (*tranerig)* Te laat Professorus. Heeltemal te laat!

FVV: (*swaai verskrik om)* En nou? A nee a Kommissaris Koot Kruger? Wat is dit dan nou? Kollega? Huil u?

KKK: Nee Professorus....ek huil nie....(*hy bars uit in trane)* Ek kry 'n senuweeineenstorting! Professorus, dit is iets verskrikliks!!! Ek kan nie! Ek wil u en die VVVVVV graag kom spreek en toestemming vra vir siekeverlof. So 12 maande behoort genoeg te wees. As u asseblief dit so sal insien sal dit my verheug!

FVV: Nee kom nou Kollega? Wat is dan die probleem? Wanneer wil u met siekeverlof gaan?

KKK: (*bars histeries in trane uit)* NOU! NOU DADELIK!

FVV: Nou!!? Maar dit is geheel en al buite die kwessie! Kommissaris ons het vandag die opening van ons nuwe program. Die leerders het reeds geregistreer en aangemeld hier by die VVVVVV.

KKK: Maar dit is juis die hele probleem!!! Professorus, ons het so klein onvoorsiene probleempie wat opgeduik het....ag, laat ek nou nie doekies omdraai nie...dit is nie 'n klein probleempie nie - dit is 'n GATSLAG!

FVV: (*geskok)* Ekskuus!!!

KKK: (*histeries, hy gaan aan die bewe soos hy verduidelik)* Ja, u het my reg gehoor! 'n GATSLAG! Ons sit met 'n windgat, 'n vuilgat, 'n slapgat en 'n banggat!

FVV: (*snak na sy asem)* Kommissaris KOOT KRUGER! U TAAL!!!

KKK: Jammer Emeritus Professorus, maar dit is die reine waarheid! U weet self, hier by ons by die VVVVVV het ons nog elke jaar 'n 100% slaagsyfer gehad. Die jong mans wat hier uitgestap het het die lewe ingehuppel met die trots van manwees, respek, deursettingsvermoë, met net een doel voor oë – om hul Eva te gaan soek en haar te laat huistoe kom en welkom te heet in sy ribbekas, daar waar sy vandaan kom. Die perfekte man! Hierdie is 'n klomp lieplappers, paloeka-plakkers, rampokkers en rakkers!!! Ons sal nooit ons slaagsyfer kan haal nie Professorus. NOOIT! Nie met hierdie lot nie! Asseblief Professorus. Stel die leerplan uit tot volgende jaar. Laat hulle kom her-registreer as ek met siekeverlof is....ek smeek u! Hulle gaan die akademie se naam deur die modder sleep!

FVV: Kommissaris as u blief...bedaar. Haal asem. (KKK *ruk 'n asmapompie uit en begin verwoed daaraan te suig)* In en uit....in en uit...in en uit...daarsy...dit is beter. My vriend, kollega, ons het elke jaar 'n paar gevalle wat hier aansluit – ongeslypte diamante.....dit is dood normaal....kyk nou maar net daai Hoffmeyer-knaap van destyds! Hoeveel keer het hy nie al getrou nie, en dit nadat hy ons program geslaag het – en nou na al die jare het hy sy ware liefde gevind. Dieselfde geval met die Dylon-mannetjie. Hy het ten einde laaste sy Jessica gevind! Dit is hartroerend. Moenie jou vasstaar in die roet van die steenkool nie Kollega. Kyk tot jy die diamand sien skitter....

KKK: Maar u verstaan nie!!! Hulle is nie steenkole nie Professorus! Hulle is die blêrrie myners! Van Brakpan tot Benoni! Asseblief Professorus. U maak 'n reuse fout.

FVV: (*streng)* Dit is nou genoeg Kommissaris! Onthou ons tweede leuse: Kouevoete gaan buite bly, warm voete lê onder die duvet. U is net nie gewoond aan die nuwe generasie nie, dit is maar al.

KKK: (*heeltemal opgewerk)* Askies!!! Dit is nou sommer 'n bol tjol!!! Jammer Emeritus Professorus, maar met alle respekte gesê, ek is jonger as U!!! En deesdae lyk die mans nie eers meer soos mans nie! Hulle broeke is stywer as my vroulief se stepping wat sy gedra het

toe sy swanger was met ons jongste Kotie! Hulle is ingekleur van kop tot tone met ringe en dinge van hulle kroontjie tot anderkant verby onder hulle naeltjies! Dit is verskriklik....

FVV: Kommissaris Koot Kruger....as ek reg kan onthou het u ook 'n ou ringetjie en 'n ysterdingetjie gehad toe u as jong man kom aanmeld het by die VVVVVV....nie waar nie?

KKK: (*skaam)* Ja maar Professorus, ek is nie trots op dit nie, maar dit was in my storm en drang jare...ek is nie meer daardie takhaar en tokkelok nie. En ek dank u dat u u tyd afgestaan het om my die lesse van die liefde te leer. Ek vra onverskoning.

FVV: (*glimlag)* Verskoning aanvaar. Tye verander Kollega. Tye verander. Deesdae kan 'n mens nie meer 'n wenkbrou oor elke kleinigheidjie lig nie....Alles is aanvaarbaar. Almal is welkom! Simonye'! We are one! (*hy dra om en vat-vat aan sy tossel op sy kop)* Is hy skeef?

KKK: (*sluk amper sy tong in van skok)* P-p-p-p-p-PROF???

FVV: (*verergd)* Die tossel Kommissaris! Ek praat van die tossel!

KKK: (*verleë)* O! Jammer Professorus. Natuurlik! Die tossel. Ek vra onverskoning. U woordkeuse het my mislei. Nee Prof. U is pylreguit! Die tossel....ek bedoel die tossel is reguit...pylreguit....en U ook Professorus.

FVV: Kommissaris. Ontspan nou asseblief. Haal weer 'n slag diep asem. Daarsy....mooi so. Kom! Die tyd het aangebreek om ons nuwe leerders te ontmoet. Sal u asseblief die prosessie lei. Ek dank u. Musiek asseblief!

(*hy lig sy hande omhoog en musiek begin te speel terwyl die gordyn stadig oplig)*

March with me- Rina Hugo en die Drakensbergseunskoor

<u>Toneel 2</u>

Wanneer die musiek begin te speel loop FVV trots van die verhoog af, hy word gelei deur 'n ietwat senuweeagtige KKK wat agter hom aanskarrel soos 'n raakgetrapte mier. Die gordyn lig stadig en die skerm met die vier mans se skaduwees is sigbaar. Elkeen van die vier jong mans staan gevries. Terwyl die musiek speel groet FVV van die gehoorlede met 'n handdruk asof hulle van sy oud-leerders is wat ook die opening kom bywoon. KKK skarrel steeds rond, hy het 'n afstandbeheerder by hom en wanneer FVV die verhoog betree en agter die kateder

stelling inneem knik hy sy kop aan KKK om die musiek te laat uitdoof. Die druk is teveel vir KKK en hy druk die verkeerde knoppie. Dan bars alle chaos los.

Hoe meer hy die knoppie druk hoe meer spring die een liedjie na die volgende. Die vier jong mans (steeds net hul skaduwees wat sigbaar is) begin dadelik reageer op die musiek, dans saam, trek baadjies uit of knoop hul hempde oop. FVV staar verstar na die sirkus wat voor hom afspeel. Arme KKK is heeltemal histeries en suig kort-kort aan sy asmapomp.

Medley/Samestelling:

March with me ▸ Sexbomb ▸ Sexy back ▸ Barbiegirl ▸ Leeuloop ▸ Don't stop me now ▸ You can leave your hat on

FVV: O moeder!!!

KKK: (*geskok)* O KOOTS wat het ek nou gedruk! Professorus!!! Ek het die verkeerde knop gedruk! HELP!

FVV: Kommissaris, wat die duiwel dink jy doen jy?? Is dit jou manier van 'n siek grap!

KKK: Ek....ek weet nie wat ek gedruk het nie??

FVV: Maar my magtig, SIT AF DIE MUSIEK!!!

KKK: Ek probeer Professorus, maar die ding is heeltemal besete! Die duiwel is los!

FVV: Kan ons asseblief beroep op die tegniese personeel doen om dadelik in te gryp! Dit is 'n totale fiasko! 'n Skande!!! Kommissaris u is besig om ons naam deur die modder te sleep.

KKK: Ek pleit onskuldig Emeritus Professorus, ek het nie die vaagste benul van waar hierdie sedelose musiek vandaan kom nie! Asseblief Professorus. U moet my glo!

FVV: Koot Kruger jy skaats op dun ys! Ek eis 'n verduideliking voor die raad en 'n dissiplinêre verhoor!

KKK: Trip die krag!!! Trip net die krag!

FVV: Laat sak die gordyn! Kommissaris Koot Karel, ek sê laat SAK!

Die gordyn sak net betyds en die deurmekaar geholde KKK sak in 'n bondeltjie inmekaar terwyl FVV sy toga regtrek en sy papiere regskuifel.

FVV: (*giggel verleë)* Jammer dames en here, ek is opreg jammer en vra uit die diepte van my binneste onverskoning vir hierdie babelse gedrag wat u sopas moes aanskou het. Dit blyk of my getroue regterhand vandag met sy linkerhand die knoppies gedruk het. Jammer weereens vir die onsmaaklikheid. Ons vra asseblief ons voorsittersraad om ons die geleentheid te gun om hierdie prosessie stemmig en eerbiedig voor te sit soos dit ons gerespekteerde instansie naamlik die VVVVVV betaam. Kommissaris. Die gordyn asseblief. Dames en here, oud-leerders en liewe toehoorders, ontmoet asseblief ons nuutste kandidate! Koot – MUSIEK asseblief!

(*Koot vee 'n laaste maal die sweet van sy voorkop af en gryp bewerig sy asmapomp en vat 'n diep trek. Hy knyp sy oë styf toe en druk 'n knoppie op die afstandbeheerder. Die musiek begin op die regte plek te speel en die gordyn lig op. Die vier mans sit nou elk op 'n stoel op die verhoog. FVV begin sy toespraak soos hy dit voorberei het. KKK gaan neem stelling langs hom in.)*

FVV: Geagte menere, jonge here, baie welkom hier by die VVVVVV – of dan nou in kort Die Valentyns Voorbereidingskool vir Vreeslose Volbloed Vryerige Vabonde. Ek is die hoogeagte geeerde Emeritus Professorus Fredrik Valentyn die Vierde , julle mentor en raadgewer gedurende hierdie program en ek is hier om julle….

SSS: Sorry oom…Oom…

FVV: Verskoon my meneer?

SSS: (*verbaas)* Huh?

KKK: 'n Aap sê huh as hy klaar geuh het! Ek vra nederig onverskoning Emeritus Professorus….Allakragtie! Waar is jou maniere?

SSS: Heito, heito, moenie buk nie of ek byt jou! Hoekom rev jy hier in my backyard? Ek praat nie met jou nie dipstick, ek praat met die oom….

FVV: Meneer…ek is nie 'n oom nie.

SSS: Cool, hy het my nou net “meneer” genoem! Jislaaik, jy sal mos maak dat my overall se knope strip so pomp ek nou my borskas op van windgatgeit. Hoor hier oom, maar waar is die ander drie?

FVV: Ekskuus?

KKK: Waarvan praat jy?

SSS: Die ander drie tjoms? Jy het gesê jy is Dinosourus die Vierde? Nou wil ek weet waar nommer 1, 2, 3…Gaan ons by hulle ook klas hê? Ek kan ongelukkig nie so lank konsentreer nie, my pre-primêre juffrou het my destyds gediagnoseer met ‘n seldsame siekte – hy-kan-nie-verdomp-luister-nie-want-hy-sit-op-sy-ore…die dokter het my ondersoek en gesê my juffrou praat sommer ‘n klomp tjol, my ore sit langs my kop. So jis paddavis, gaan ons lank genoeg pouse kry? So? Waar is die ander drie toppies?

KKK: (*geskok)* Hulle is dood.

SSS: Shame. Hectic.

FVV: (*sug en rol sy oë hemelwaarts)* Is daar nog enige vrae?

WWW: (*steek sy hand op)* Jammer meneer, as ek net ‘n ou ietsie mag vra?

FVV: Gaan voort.

WWW: Waar is die kamerverlaat? Ek was so senuweeagtig ek het hopeloos te veel Oros by die huis gedrink.

MMM: Ek het regtig nie tyd hiervoor nie. Kom ek maak so – ek skryf vir jou ‘n tjekkie van my pappie uit, dan gee my ‘n sertifikaat met ‘n goue seël – deel dan kan almal speel. Ag toe kom nou? Hoeveel soek jy? R5 000, tien? Name it, you’ve got it….dit was in elk geval my pa se simpel idee om my hierna toe te stuur. Ek is ‘n gentleman. Ek bedoel, wie sal nou nie ‘n ou soos ek wil date nie. Poppies is almal dieselfde, sodra jou klere ruik soos Markhams, jou bankkaart goud is en jou kar ‘n groot genoeg boot het vir hulle groceries hardloop hulle agter jou aan soos groupies by ‘n New Direction konsert. So? Hoeveel sal dit wees? Tien of twaalf?

FVV: Meneer, Les 1 – Geld kan nie liefde koop nie. En jy, Meneer, ja jy… – die ablusiegeriewe is aan u linkerkant af in die gang, maar u sal ongelukkig eers later ‘n breuk kan neem. As u my nou die geleentheid sal vergun om voort te gaan: Hier by ons strewe ons na liefde, onvoorwaardelike liefde, die vrug van die paradys, om ‘n holte in ons ribbekas te maak vir Eva, om haar tuis te laat voel, daar waar sy hoort, daar waar sy vandaan gekom het….(*hy raak heeltemal meegevoer in sy toespraak)*

SSS: Jislaaik, dit is nou diep! Volgende keer gaan soek ek my trouvrou in die Spur as dit die Eat-as-much-as-you-can Rib special is…En as sy ja sê sal ek Spur vra om ons troue te sponcer – People wiff a taste for life…flippit, dit is diep. Nice.

FVV: IN elk geval….Menere, hoe ‘n wonderskone ding is die liefde nie!!! In julle korte wyle hier by die VVVVVV gaan u ‘n in diepe kykie kry na hoe ‘n vrou se kop en kliere werklik werk! (*hy stop skielik en kyk gesteurd na BBB wat sy kop woes op en af skud)* Kommissaris! Kommissaris! Vind asseblief vir my uit wat is fout met daardie jong man en of ons mediese hulp moet ontbied.

KKK: Dit is reg Professorus. Natuurlik. Ek maak so. (*hy stap versigtig nader)* Verskoon my. Jong man. Is alles pluis? Voel u siek? Hallo! Jammer om u te steur? HALLO! (*dan sien hy die oorfone en ruk dit uit sy ore)* Luister hier jou ongeskikte jafel, ons is besig met ‘n toespraak hier! Wat dink jy doen jy?

BBB: Vat nou weer aan my earphones en ek knak jou middeldeur soos ‘n MacDonalds’strootjie wat vasgehaak het tussen ‘n Graad 1’tjie se draadjies....Okay...sorry my ou....Ek luister my gym-jam. Ek fokus vir my workout.

FVV: (*gooi sy hande in die lug)* Nou goed! Ek sien my toespraak val op dowe neute. Menere, welkom by die VVVVVV, hier waar die gewone man ‘n trouman word. Menere en welgeagte here – ons leuse hier by die VVVVVV is nie verniet: *‘n hartedief het almal lief, maar ‘n hart van goud word saam-saam oud* nie. Ons missie en visie is om u as ongeslypte diamand die leksikon van die liefde te leer. Sodat u my liewe menere as diamand kan skitter tussen die boesem van u bokkie....(*kug ongemaklik)* In julle tyd hier by ons gaan ons julle toets op vier praktiese velde. Maar eers – die voorstelling. Kommissaris Koot Kruger, sal u asseblief vir ons die vraag-en-antwoord ondervraging lei?

KKK: Natuurlik Emeritus Professorus. Met graagte. Goed! Menere, sal u julle asseblief aan ons paneel voorstel. Net 'n kort opsomming van wie u is en waar u vandaan kom. Baie dankie. Gaan voort asseblief.

Musiek: Eat the Rich

MMM: (*stel homself voor in 'n James Bond trant)* Ek is Markhams. Mark Markhams. Ek is 18 jaar oud. My pa is een van die ringkoppe in die besigheidwêreld in Johannesburg. Ons het vyf strandhuise, twee daarvan is myne, dit is my vaste bates waarmee ek my spaargeld genereer. Verder hou ek ook al die 10 jaar lange rekord vir die persoon wat die langste Monopoly aaneen kon speel sonder om bankrot te raak. Ek het vir vyf dae aaneen gespeel. Gaan check my uit, ek is die The World Guinnes Book of Records, bladsy 741, links onder in die hoek. Ek dra net Markhams en eet net by restaurante wat ten minste ses sterre het. Check of Savings? Kies my en ek laat jou rekening klop - chop-chop.

KKK: Dankie Mark Markhams. Volgende?

Musiek: Thunderstruck ACDC

BBB: Hey. Ek is Buff Bicep Botha. Biceps – 15cm, Calves – 12cm, hammies – 11cm, bors – 398cm, bo-bene 86cm...

FVV: Dankie Buff, dit is nou genoeg. Ons hoef nie te weet hoe groot of hoe lank *ALLES* van jou is nie. Gaan voort met iets van jouself. Stokperdjies of wat jy graag doen vir ontspanning.

BBB: Ek gym. Dis lekker. Ek laaik dit. Ek pomp elke dag 4-6 ure my guns. Dit is awesome. Ek laaik dit. Ja. My gunsteling kos is steak en chips. My gunsteling drink: USN se Caramel en Chocolate Protein Shake, my gunsteling Pre-workout drink USN se Grape and Berry Blast, my gunsteling oefening – benchpress....ek bench al 54kg. Beat that Justin Bieber! Ja. En dis dit. Okay. Yes. Cool. O ja, my gunsteling fliek is Terminator. SO meisies – net sodat julle weet – I'll be back.

KKK: Dankie Buff. Dit was nou baie insiggewend. Goed, volgende.

Musiek: Kaptein span die seile

SSS: Yes, yes, yes....ek is Spike Spanner Spencer. Maar julle kan my sommer net Spike Spanner noem. Ek doen soos ‘n boilermaker-opleiding-ding. Jy weet, ek welt en sweis ysters. Hecit my bra, my hare het eenkeer so naby afgeskroei ek was vir ‘n jaar lank bles. Ek het ‘n hond, ‘n jack russle, sy naam is Jack. Maar nie soos in die Jack van Jack Russle nie, soos in die jack, van ‘n kar. Ek weet, dit is nogal skerp. Ek hou van russian en chips en my favourite movies is The Fast and The Furious 1-7. Epic! Verder is ek maar ‘n plat op die aarde ou. So babe, as jy wil gaan vir ‘n spin, moenie worry nie, ek sal jou speedometer tot in die rooi rev.

FVV: Dankie Spike. Dit is meer as genoeg. Is dit al?

KKK: Ja Emeritus Professorus.

WWW: Ekskuus tog! Ek moet nog ‘n spreekbeurt kry!

KKK: O natuurlik! Jammer seun, ek het skoon vergeet van jou. Stel jouself asseblief voor, ons luister graag.

Musiek – Haasdas se nuuskas/Trompie en die Boksembende

WWW: Hallo. Ek is Willempie. Willempie Webner. Die ouens by die skool terg my en noem my Weëmoedige Willempie Webner. Maar dit is okay, ek meng nie regtig meer met hulle nie, want pouses ruil ek nou my sywurms uit met die graad 3’s – ek het hierdie week 8 zebra wurmpies verkoop en 4 wit sywurmpies. Moeks hou nie daarvan dat ek teveel tv kyk nie, so ek lees boeke. Ek hou veral van Deon Meyer. Ek dink ek gaan ook eendag ‘n skrywer word soos hy. My gunsteling fliek is Forest Gump. Ek hou van Sollitaire speel op my rekenaar en vul altyd die Sudoko in die Raport in op ‘n Sondag. My gunsteling drankie is ‘n blou Steristumpi. Ek drink dit nie omdat ek glo blou is vir seuntjies en pienk is vir meisies nie....dit is net...dit laat my so half en half teruggaan in tyd – asof ek in die 60’s is met ‘n bubblegum milkshake in ‘n kafee en burgers met slap tjips en tamatiesous. Julle weet, die goeie goue ou dae. O ja, my gunsteling fliek is Pretville. Ek is mal oor Willem Botha. Hy sing die mooiste liedjies. Dankie.

BBB: (*bars uit van die lag)* Nee my ou, dis af! Wat het jy gesê is jou naam?

WWW: Willempie. Willempie Webner.

MMM: En wat is jou gunsteling storie op tv Willempie? Wielie Walie!

SSS: Ag shame! Ou Bennie Broekwurmpie! (*hy spring op en druk sy oë toe, dan klap hy sy bril van sy neus af)* Oooo, Waar is my bril maatjies! DIS OP JOU KOP BENNIE!

(*al die mans lag en Willempie laat sak skaam sy kop en soek vir sy bril op die vloer)*

FVV: Dankie, dit is nou genoeg! Staak nou dadelik die gespottery! Soos ons gerespekteerde instansie se reëls en regulasies dit duidelik stippuleer - *geen rampokkers, tiekiedraaiers, kansvatters of losklosse* sal geduld word nie! So asseblief menere, geen slang-in-die-gras of onder-die-belt grappies sal die wondersoete taal van die liefde versuur en vervuil nie! Baie dankie vir u bekendstelling, julle is voorwaar 'n....'n....uiteenlopende en baie interessante groep. Ons gaan nou dadelik begin met julle praktiese evaluering. So luister aandagtig na u opdragte en voer dit op die ingewing van die oomblik uit. Kommissaris, gaan voort asseblief.

KKK: Natuurlik Emeritus Professorus. (*spreek die gehoor toe)* Dames en here, die hooggeagte en gerespekteerde raad van die VVVVVV, raadslede en bestuurslede van die akademie, Geagte Meneer die Voorsitter, asook die alumni en ons uitmuntende keuringspaneel van Kandidate van Onvoorwaardelike Liefde, ons borge *Metro Man, Babs Bloemiste, Cupid Corner* en *Menere met Onderklere,* baie dankie vir u teenwoordigheid hier vandag. Ons stel met graagte aan u ons nuutse kandidate voor aan u: applous asseblief vir: Mark Markhams, Buff Bicep Botha, Spike Spanner en Willempie Webner. Hierdie vier mans gaan vandag getoets word tot hul uiterste vermoëns, hulle vaardighede van hoe om die Eva-geslag op die hande te dra asook hoe om as die sogenaamde Ridder op 'n wit perd hier uit te gallop die wye wêreld in om die taal van die liefde....ware liefde te verkondig. Wees asseblief krities. Die VVVVVV strewe na die volgende: Net die beste is vir ons goed genoeg! Wees 'n man – want jy kan! (*hy raak ietwat meegevoer tydens sy spreekbeurt)* Kouevoete gaan buite bly, warm voete lê onder die duvet. Van drukkies en soentjies, kom kousies en skoentjies, van niggies en nefies kom perdjies met vlerkies!

FVV: (*geskok)* Uhm, dankie Kommissaris. Ek dink dit is nou eers genoeg. Kom tot die punt laat ons met die program kan begin.

KKK: Natuurlik. Verskoon my Emeritus Professorus, ek gaan graag voort met die verrigtinge. Goed. Kandidate. Ons eerste afdeling is 'n indiepte persoonlikheidsontleding waar ons graag u aan ons paneel wil blootstel en bekendstel. Wees asseblief eerlik op die volgende vrae: Vraag 1 – Beskryf jou perfekte meisie. Jou droomvrou.

MMM: O, dis maklik. Mooi. Verkieslik 'n model. Ek bedoel, met so 'n gesig (*glimlag en knipoog)* kan 'n mens nie kanse vat nie. Sy moet lyk soos....uhm...soos ek. Perfek. Ek date nie meisies met draadjies of skewe tande nie, haar tande moet in verhouding wees met haar tandvleis – sy moenie lyk soos 'n stut wat 'n gumguard ingesluk het nie. Geen sproete. As ek connect-the-dots wil speel gaan koop ek vir my 'n inkleurboek. Sy moet tenminste 4 keer 'n week haar naels laat doen, altyd hakskoene dra. Ek doen nie tekkies of slippers of crocs nie. Ook nie kaalvoet meisies nie, ek gril vir skurwe hakke of voete met broodkrummels op. Sy moenie teveel praat nie, sy moet 'n A vir Rekeningkunde Hoërgraad in Matriek gekry het. En slegs ontwerpersklere – as jy PEP of Mr. Price dra is jy uit by die agterdeur. En sy moet darem meer as 8 verskillende soorte parfuum besit, dit hou die verhouding interessant. Ek raak gou verveeld so as ek jou in een maand meer as twee keer met dieselfde uitrusting gaan sien gaan my oë begin dwaal. Ek eet nie gekookte kos nie. Ek het 'n traumatiese ervaring as kind gehad met my ouma se souskluitjies en skurwe jantjies. Moenie dink jy is oulik en romanties en vir my 'n ete voorberei nie, ek gaan dit nie eet nie. Koop snacks by Woolies en ek eet uit jou hand.

FVV: (*hy maak 'n paar notas en kyk skaars op)* Dankie Mark. Volgende.

BBB: My girl moet gym. Sy moet hou van gym saam met my. Ek date nie vet girls nie. Sorry, ek bedoel dit nie lelik nie, maar as ek vier keer 'n week driehonderd ab crunches doen wil ek nie huistoe gaan na 'n strandbal nie. Sy moet hou van steak en protein shakes. En geen carbs. Ek doen nie carbs nie. So sorry pop, maar brood en koek is uit! Ek eet een keer 'n week 'n koppie bruinrys. As jy lus het vir iets soets – eet 'n appel. Sy mag nie meer as 48kg weeg nie, hel dis swaar my ou! Ek bench 54kg en ek het 6 maande geoefen voor ek dit kon regkry, dit sal net verkeerd wees as my girl soveel soos my ysters weeg. Sorry. Ons weeg een keer 'n week net om te check of als nog oraait is. Geen chocolates, geen cheating, geen carbs. Verder moet sy getan wees. Ek wil nie voel of ek Casper the Friendly Ghost date nie. En sy moet elke aand my spiere met Deepheat smeer. Dit is baie romanties. Dit is amper soos strawberries en cream, net bietjie meer spicy. Cool.

KKK: (*piep in 'n benoude stemmetjie)* Dankie Buff Bicep Botha, ek sien ons het werklik 'n uiteenlopende groep mans hier vandag. Goed. Volgende. Spike Spanner. Beskryf jou ideale meisie.

SSS: Jis, dis easy peasy! ENIGE MEISIE is die perfekte meisie! Nee ek joke net, ek is net bietjie desperate, ek het lanklaas 'n girl gehad. Oraait, fyn pikkewyn....my perfekte girl. Uhm, sy moet hou van russian en chips, sy moet iets om die lyf hê – jy weet, lekker deeg-arms en 'n goeie grip om my vas te druk. Ek het nie pyne met gewig nie, sy kan maar 'n soustannie wees. Ek laaik dit. Sy moet kan kos kook, pap en wors kan maak, skilpadjies kan braai en 'n tent kan opslaan. En sy moet kan armdruk. Ek soek nie 'n girl wat heeldag staan en naels verf nie, my chick moet 'n ander chick kan dik tik....dit is nogal sexy, ek laaik dit as hulle mekaar so tackle en aan die hare rondsleep soos op WWE Womans Raw....okay en verder moet sy darem een paar goeie Crocs hê en 'n Leather Jacket met tossels...dit is super sexy. O ja, en sy moet at least weet wat is 'n Alan Key, 'n socket en 52 starpoint spanner. As ek vir haar sê: "*Bokkie, pass my die steelpointer....*" dan moet sy weet wat om aan te gee. En sy moet hou van Eat as much as you can Pizza by Debonairs. As ek 'n girl op 'n date soontoe vat en sy bring 'n roomysbak saam om ekstra pizza in huis toe te sneak, dan sal ek weet, ek het my trouvrou gekry. O ja, en as sy 'n kriminele rekord het, dan score sy klaar 'n 12 uit 10 by my! Ek laaik 'n girl that lives on fhe wild side of life.

(FVV en KKK kyk geskok na mekaar)

KKK: Goed. Dankie Spike Spanner. Hoe wonderlik om te kan sien hoe uiteenlopend en verskillend die jong mans is. En wat 'n gerusstellende gedagte om te weet dat smaak verskil. Baie dankie aan die drie kandidate....Dus het ons sover: 'n modepop, 'n prikkelpop en...en...uhm...'n tronkvoël...So, Willempie sal jy vir ons die vraag afsluit. Beskryf jou ideale meisie.

WWW: (*baie skaam)* Sjoe, dit is nogal moeilik. Ek weet nie regtig veel van meisies af nie. Al wat ek weet is dat elke meisie perfek is – op haar eie manier. Dit is wat hulle so wonderlik en uniek maak. As ek sou moes kies sou ek sê my ideale meisie sal wees.....(*giggel ongemaklik)* dit klink nou simpel....nee toemaar wat....

KKK: Moenie skaam wees nie Willempie. Asseblief, gaan voort.

WWW: Nou goed. Sy sal soos my ma wees.

Die ander drie mans bars uit van die lag.

WWW: Nee, ek bedoel niks snaaks daarby nie. Dit is net, my ma is die wonderlikste vrou wat ek ken. Sy is saggeaard, vriendelik, behulpsaam, sy lag nogsteeds vir my pa se flou grappies en sy luister altyd. Sy...sy is net awesome. Mag ek dit sê? Jammer, ek wou nie my tale meng nie, maar daar is nie ander woord om haar te beskryf nie. Sy is die toonbeeld van liefde. Ek wil hê my meisie moet ook so wees. Sy moet kan lag vir my simpel grappies, kan luister, lekker gesels, geduldig wees, en vriendelik met almal. Ek gee nie regtig om hoe sy lyk nie, as sy mooi is van binne het sy my hart gewen. Dit is tog die belangrikste nie waar nie? Sy mag maar kaalvoet loop of haar vingers aflek as sy slaptjips geeet het, sy mag maar haar musiek kliphard in die kar luister en vals saamsing, sy mag maar haar nat handoeke op die vloer laat lê en sy mag maar vergeet waar het sy haar sleutels neergesit en sy mag maar die toast verbrand of vergeet het om die plante nat te gooi. Niemand is perfek nie. Ek is nie perfek nie. So dit sal onregverdig wees om te verwag dat die perfekte meisie ooit vir my sal val. Dankie.

(*die ander drie mans is elk besig met hulle eie ding. Buff luister sy musiek en pomp sy arms, Mark is besig op sy smart phone en Spike sit en gaap en krap sy naels skoon met 'n spyker, dan gaap hy kliphard)*

SSS: Boring! Okay! NEXT!

(*KKK glimlag en kyk na FVV. Hy glimlag en FVV skryf iets neer in sy notas)*

KKK: Goed, baie dankie Willempie vir daardie eerlike openbaring van jouself. Dit word opreg waardeer en gerespekteer. Goed, ons volgende toets! TROETELNAAMPIES.

(*daar gaan 'n wolwefluit en 'n gejuig op onder die mans)*

KKK: Menere, asseblief. Raak rustig! Dit is reg, Troetelnaampies. Elke vrou wil weet sy is spesiaal en dat haar geliefde 'n troetelwoordjie of naampie het wat haar beskryf, dalk 'n spesiale oomblik wat julle twee saam gedeel het, dalk 'n spesifieke prominente ligaamsdeel wat jy van haar bewonder....

(*FVV kug ongemaklik en KKK verander vinnig die onderwerp)* Soos haar sproetjies of haar mooi hare of haar oë....Maar daar is sekere reëls – GEEN BYNAME wat die woord: *babe, goose of chick* bevat sal geduld word nie.

SSS: Maar hoekom nie!!! Dit is my top drie name! Ek noem al my girls babe, goose of chick!

FVV: Meneer asseblief....Dit is 'n vrou van wie u praat. Sy is 'n geskape wese. Sy is die verpersoonliking van EVA. Sy is nie lewende hawe of pluimvee nie. Nee! Onder geen omstadighede sal sulke byname geduld word nie. Die uitdaging van die toets is om te sien of u as jonge heer respek vir u pasmaat kan betoon deur die gebruik van 'n gepaste troetelnaampie.

KKK: Dankie Emeritus Professorus. Ek kon dit nie beter gestel het.

BBB: En as ons dit na Afrikaans vertaal soos: *varkie, gansie of kuiken?*

KKK: Nee! Menere, tensy u van Benoni af kom of sopas 'n verhouding begin het met 'n klein pienk varkie wat graag 'n skaaphond wil wees DAN mag u die byname *babe* of *goose* gebruik. Andersins onder geen omstandighede nie.

SSS: Dit is nou stupid! Hoe kan 'n vark 'n skaaphond wees?

MMM: Shutup Spike!

KKK: Dankie menere! Geen rede om onder mekaar te redekawel nie. Ons begin sommer by u. Mark Markhams. Wat noem jy die liefde van jou lewe?

MMM: Liefie.

KKK: Dit is mooi. En die simboliek agter die keuse van u troetelnaampie?

MMM: Ek noem al my meisies *liefie...*Dit is teveel moeite om elke keer 'n nuwe naam uit te dink en dit is die maklikste om te onthou. So almal is *liefie...* Dit het nog elke keer my gat gered.

(FVV skud sy kop afkeurend)

KKK: Dankie. Volgende.

BBB: Hmmmm....milly....

KKK: Mag ek vra hoekom die naamkeuse?

BBB: Dit hang af....ek noem my girls na die masjiene waarop ek oefen. So as ek 'n girl ontmoet op 'n tredmill dan noem ek haar *Milly....*as ek haar ontmoet terwyl ek my bicep curls doen dan noem ek haar *Curly...*my gunsteling is as ek 'n girl ontmoet terwyl ek benchpress...sy is spesiaal – vir haar noem ek *Precious...* vang jy dit...soos press, maar net beter – precious.

SSS: Ook maar goed jy het nie girl ontmoet terwyl jy poep nie, anders was haar bynaam *Pollie! (SSS skree soos hy lag en BBB spring woedend op)*

BBB: Ek sal vir jou dik tik ou seuntjie!

FVV: Orde! Ek sê orde! Sit! Menere, ek verwag van u om ordelik die vrae te beantwoord en geen lopende kommentaar sal verder geduld word nie! VOLGENDE!

BBB: Jislaaik, ek weet nou nie. Dit is moeilik, want ek mag nou nie my goed sê wat ek wil sê nie...okay, ek sal my girl *Jackie* noem.

KKK: Dink u nie dit sal die dame aanstoot gee as u haar die naam van 'n ander vrou noem nie?

BBB: Never! Ek het nog nooit 'n Jackie gedate nie! Ek praat van my hond Jack. Ek is baie lief vir hom. En as ek haar *Jackie* noem sal sy weet, ek is net so lief vir haar soos vir my hond. Dit is baie spesiaal.

FVV: Inderdaad. Volgende...

WWW: Ek kan nie regtig sê nie...uhm, ek sal ongelukkig eers die meisie moet ontmoet voordat ek vir haar 'n bynaam kan gee. Elkeen verdien haar eie spesiale bynaam, nie sommer iets wat jy uit jou duim uit suig nie....maar ek weet, ek het 'n spesiale bynaam vir die meisie van my drome gehou.

KKK: En dit is?

WWW: Spinnekop.

KKK: Dit is 'n baie vreemde keuse?

MMM: Hel ou, het jy die girl met Doom gespuit sodat sy MOES ja sê toe jy haar uitgevra het?

BBB: Ag dit is so cute! Spinnekop! Ek het gedink hy gaan haar "*mammie"* noem! (*die mans lag en SSS gee vir BBB 'n high 5)*

WWW: Nee, dit is net...ek sal haar Spinnekop noem, want sy het my hart toegespin met haar liefde. Dit is simpel ek weet.

SSS: En flippen creepy! RAID! Kills bugs DEAD! (*hy gryp vir WWW en druk hom onder sy arm en vryf sy hare deurmekaar)*

KKK: Genoeg! Gaan sit op jou plek! Dankie Willempie. Mag ek voortgaan Emeritus Professorus?

FVV: U mag.

KKK: Ek dank u. Goed menere....u volgende opdrag: YSBREKERS.

SSS: YESSSSSS!

BBB: Wat is 'n ysbreker?

SSS: 'n Yskoue bier my ou! Wat anders!

FVV: Nee! Geen drank word op die perseel van die VVVVVV toegelaat nie. Menere, 'n ysbreker is wat u ken as 'n *pickup-line...*Daardie woord word nie hier gebruik nie, want deur dit so gebruik ondersteun ons die persepsie dat die dame as te ware "op getel" word en dit gee 'n goedkoop gevoel en reflekteer minderwaardigheid. So asseblief....ons gaan u toets op die gebruik van YSBREKERS.

MMM: Huh? Wat nou van optel?

KKK: Meneer, klim van u foon af en voer die opdrag uit! Hierdie is Susan....(*hy loop na die pop)* ons assistent. In hierdie opdrag gaan ek vra dat u vir Susan sal benader asof sy 'n regte dame is en haar groet met een van u ysbrekers. Susan is 'n hoogs intelligente robot met sensoriese en motoriese vaardighede. Haar breingolwe is gekalibreer met die van die gemiddelde vrou, dus sal sy sal onmiddelik reageer op elk van u ysbrekers. Mark u is eerste aan die woord....

(*elk van die mans loop na die pop toe en gee vir haar 'n pickup line, elke keer as hulle onsuksesvol was gaan daar 'n alarm af en 'n rooi lig flikker op haar kop. FVV maak voordurend notas van elke kandidaat)*

MMM: Okay, so hier is ek. Jou eerste wens het waar geword. Wat is jou volgende twee wense? (*alarm gaan af)*

BBB: Is jou naam dalk Google, want jy is alles waarna ek soek. (*alarm gaan af)*

SSS: As jy my hond was het ek jou elke dag gebad. (*alarm gaan af)*

WWW: Hallo...uhm...jammer ek pla...ek wil nou nie stupid lyk voor jou vriendinne nie, maar ek wou net sê, ek dink jy het die mooiste oë...ek sal jou nie verder pla nie. Lekker aand.

SSS: Hey!!! Dis unfair! Hoekom het sy nie gepiep toe Weemoedige Willempie met haar praat nie!!! Sy is sommer 'n ou kloosterkoek man! (*die alarm gaan weer af)*

KKK: Meneer – U TAAL! Goed, u mag vir 'n tweede keer probeer.

MMM: Is jou naam dalk Absa? Want as ek vir jou sien dan weet ek, vandag, môre, altyd saam....(*alarm gaan af)*

BBB: Haai. Was dit seer? Toe jy uit die hemel geval het? (*alarm piep)*

SSS: Hoor hier, is jy lus vir pizza? Cool, okay, jy buk dan piets ek haar! (*alarm gaan af)*

WWW: uhm, skies, ek wou net sê...ek wou net....ek...ek is Willempie. Lekker om jou te ontmoet. (*hy steek sy hand uit en groet die pop, draai dan om en loop, die alarm gaan weer nie af nie)*

(*die drie mans staar verbaas na Willempie)*

BBB: (*verergd)* Wat de hel!!! Dit is unfair! Die pop is gejinx man...wag check hier....(*hy stap nader en fluister in haar oor)* Hey pragtig. My naam is Buff Bicep Botha....Jy hoef nie meer Pick & Pay toe te gaan nie, want as jy my het het jy Mister Muscle for life! (*die alarm gaan weer af)* Stuff dit! Dit is 'n stupid oefening! My pickup lines het nog ELKE keer gewerk. Ek is soos Verimark – Guarenteed for life, full proof en daar is altyd 'n *but wait there is more...*

FVV: Menere, kalmeer asseblief. Dit is die hele doel van die oefening. Om te kyk hoe julle met ‘n vrou praat en of julle werklik haar hartsnare roer. Kommissaris Koot Kruger, ek dink u kan hulle toets op die laaste persoonlikheidsontleding voordat ons met die prakties begin.

KKK: Natuurlik Emeritus Professorus. Die kandidate kom nou tot die einde van die eerste afdeling. Goed menere, die volgende opdrag is redelik eenvoudig. Beskryf aan ons jou idee van ‘n romantiese fliekaand.

MMM: Ek doen nie flieks nie.

KKK: En hoekom nie?

MMM: Want dit is ‘n mors van geld en tyd. My suround sound system is beter as SterKinecor en NewMetro sin. Ek het ‘n base amp en 3D-glasses en ‘n splinternuwe Plasma Flatscreen met DSTV Explora en ‘n egte Italiaanse leerstoel met kussings wat jou laerug masseer....Ek sit nie in ‘n raserige fliek saam met ‘n klomp prematuur skolies en vryerige couples nie, ek eet nie popcorn met sprinkels op nie, en ek gaan vir seker NIE jou hand vashou as jou hande sweet of taai is nie. So as sy wil gaan fliek kan sy by my huis kom kyk wat ek gePVR het.

BBB: Jis, dis nou ‘n tawwe vraag. Okay, ek het net Saterdae af, dan gym ek nie. Ek weet nie. Ons kan seker gaan fliek, maar sy sal moet sorg dat haar handsak groot genoeg is vir ‘n proteinshaker en ‘n high protein bar....ek koop nie popcorn en smarties nie. Dit het teveel carbs in. As my girlfriend soos ‘n eekhoring haar kieste wil volprop met popcorn kan sy liewerste in ‘n Petshop vir haar ‘n ander ou gaan soek. Ek gril vir meisies wat eet. Dis net af....En ja, movies is okay...maar ek kyk nie chick flieks nie. Scary movies ja, maar dan moet sy so onder my oksel inklim sodat ek haar kan beskerm. As sy die heeltyd haar popcorn gaan vasgryp of haarself gaan oorgee aan tjoklits elke keer as sy skrik dan moet sy maar huistoe loop en ‘n paar kiljoules verbrand.

SSS: Ek laaik flieks. Jis! Oor ‘n honderd my ou! Okay, ek is meer die romantiese tipe. Ek hou van ‘n movie-aand by my huis. Nie omdat ek ‘n perv is en haar in my slaapkamer in wil lok nie, no ways, ek is ‘n gentleman....dit is net cheaper. BAIE cheaper. Ek kies gewoontlik Golden Oldies....die dvd-shop oorkant my huis het ‘n weekend special – 3 old movies for R12. So ek kies goed soos Scream 1 of Speed.

Dan maak ek vir ons popcorn en slushpuppies. Die slushpuppies is my eie uitvindsel – ek skraap al die aangpakte ys van die deepfreezer se kante af en dan gooi ek sweeto of Drink-o-pop oor! Cool nê? En ek doen dit romanties. Ek speel my Backstreet Boys cd in die agtergrond, en as sy bang raak dan sit ek net die musiek harder. En dan na die tyd dan gaan eet ons icecream by die KFC se drive-through. (*maak vinnig sy somme)* Dvd's – R12, slushpuppies – free, popcorn pitte – R6, 95 Spar No name brand, twee roomyse – R4, 50 elk, so dit is R22, 45. Cheap cheap. En wat ookal daarna gebeur is 'n bonus!

WWW: Uhm, sjoe, ek het nog nooit 'n meisie fliek te gevat nie. Maar as ek kon sou ek vir haar popcorn koop, met M&M's....ek sal die ou by die popcorn-masjien vra om vir my 'n briefie onder in die boksie te sit waarin ek vir haar sal dankie sê vir die lekker aand met nog 'n fliekkaartjie daarin toegeplak. As sy dalk weer saam met my sou wou gaan fliek. En sy mag maar die fliek kies. Net om saam met haar te gaan sal klaar genoeg wees.

MMM: Aaaaaaaaauuuuu....dit is so sweet!!!! Loser.

KKK: Dankie Menere. Willempie. Ek dink u het heel....(*hy aarsel en sy stem breek)* Uhm....goed gevaar. U het Afdeling A suksesvol voltooi. Neem asseblief kennis dat u deurlopend geevalueer word deur die hooggeagte en gerespekteerde raad van die VVVVVV, raadslede en bestuurslede van die akademie, Geagte Meneer die Voorsitter, asook die alumni en ons uitmuntende keuringspaneel van Kandidate van Onvoorwaardelike Liefde en dan natuurlik, die laaste, maar nie die minste nie, die uwe, die hoogeagte en geeerde Emeritus Professorus Fredrik Valentyn die Vierde , julle mentor en raadgewer gedurende hierdie program. Goed menere, Afdeling B. In hierdie Afdeling sal ons, met die hulp van Susan, vir u scenarios skep waarop u dadelik moet reageer en die situasie oopkop moet analiseer en met flinkdink reageer en uitvoer. Baie sterkte aan u elkeen. Susan, is u gereed? (*die rooi lig flikker)* Dankie Susan. Goed, menere u opdrag is as volg. U het u eerste suksesvolle afspraak met die meisie van jou drome gehad en wil haar graag weer sien. Die toneel speel af op haar voorstoep, in die skemer, met slegs die flou straatlig wat julle twee figure sigbaar afets teen haar voordeur. Hoe sal jy optree om vir haar dankie te sê vir die wonderlike spesiale aand en ook haar te vertel hoe graag jy haar weer sal wil sien. Verstaan u elk die opdrag? Goed. Dankie. Musiek en ligte. Atmosfeer. Susan? (*die lig flikker weer)* Staan by. En aksie!

(*daar gaan 'n flou kollig aan op Susan en Hungry eyes van Dirty Dancing begin saggies in die agtergrond te speel)*

MMM: (*hy loop en gaan sit langs Susan, wanneer die musiek begin speel kyk hy diep in haar oë, kom nader asof hy haar wil soen, haal dan sy foon uit, en neem eers 'n selfie van sy nuwe pak klere terwyl hy sy lippe tuit en weer sy James Bond pose inneem. Hy bêre die foon, vat haar hand en streel saggies haar arm, dan gryp hy haar en soen haar dat die biesies bewe. Die rooi lig flikker en die alarm gaan weer af)* WAT??? O come on!!!! Dit werk elke keer!

KKK: Meneer! Gaan sit asseblief! Volgende.

BBB: (*Buff gaan sit langs Susan. Hy maak asof hy gaap en sit dan sy arm om haar nek. Hy glimlag vir haar en pomp sy spiere dan laat sak hy sy hand en vat aan bors. Die rooi lig flikker en die alarm gaan af)* Flippen hel! Die vroumens is kouer as 'n LG Double Door yskas!

KKK: (*skud sy kop en rol sy oë)* Jammer Susan. Goed volgende.

SSS: (*Spike gaan sit langs Susan. Hy probeer dans soos Johnny in Dirty Dancing en kry dit verbasend goed reg. Hy skuur op sy kniee tot voor Susan, staan dan op pluk haar regop, hy gee haar 'n klap op die boud)* Het jou katvis!!! Okay, ek is lelik, jy is mooi, so wat sê jy, hoekom kom ons nie weer bymekaar nie, dan maak ons average looking babatjies? Bel my, onthou, nobody puts Baby in the Corner…. (*die alarm gaan af en die lig flikker aanhoudend)* Okay, sorry…geeeezzzz….jy skuld my 'n nuwe jean poppie…ek het flippen stage burns op my kniee!

WWW: (*Willempie gaan sit langs Susan.)* Dit is 'n mooi aand nê? Ek weet dit is stupid, maar het jy al ooit gewonder hoe moet dit voel om 'n ster te wees? Kan jy dink hoe moet die uitsig wees van daar bo af? Duisende liggies wat nooit ophou skyn nie…Luister, ek moet gaan. (*hy skuif ongemaklik rond dan haal hy 'n roos van agter sy rug uit)* Dankie vir vanaand. Dit was die beste aand van my lewe. As jy sou wou…miskien kan ons mekaar weer sien. Laat weet maar. O ja…ek het vir jou 'n ster gevang. (*hy gee vir haar 'n sterretjie)* Hierdie een is spesiaal, hy het verskiet en in my tuin geval, maar ek het nog nie gewens nie, so daar is nog een wens oor. Okay. Hier gaan ek. Baai.

(*die drie mans staar in ongeloof na Willempie. Die alarm gaan nie af nie)*

MMM: My magtag! Die pop het die hots vir Willempie!!!!

BBB: Geluk ou pel!!! Wow! Julle pas perfek by mekaar! Ek bedoel jou girlfriend kan nie praat of vry nie, amper net soos jy! Match made in heaven!

SSS: Cool my ou! Waar het jy haar opgechat? In Fochinni?

(*hulle bars uit van die lag)*

FVV: Menere, asseblief! Handhaaf orde en wedersydse respek onder mekaar. Kommissaris. Die volgende scenario asseblief.

KKK: Natuurlik Emeritus Professorus. Menere, luister asseblief aandagtig. Die volgende toets is om te kyk hoe u in konflik situasies u man sal kan staan.

BBB: Al wat werk is 'n goeie klap!

SSS: Ja, sy ma klap gereeld sy pa! (*die mans lag)*

KKK: Nou goed, dit is nou genoeg. Alle grappies op 'n stokkie. Geagte Menere, luister aandagtig, u volgende scenario en situasie analise is as volg: u en u meisie is by 'n dansklub. Dan sien u hoe 'n orige vent by u meisie aanlê. Hoe hanteer u die situasie. Susan? (*die rooi lig flikker, KKK dra 'n skoppop in – een van daardie bokspoppe vir kinders met 'n seerower gesiggie opgeverf)* Musiek. Aksie. (*die ligte begin te flikker en Juanita du Plessis se Is jy nog lief vir my begin te speel)*

MMM: Rerig??? Wie de hel is die?

KKK: Dit is die rampokker wat by jou meisie aanlê…

MMM: 'n Opblaaspop? Dink jy regtig ek gaan skrik vir 'n opblaaspop? Het iemand vir my 'n speld?

KKK: Asseblief Meneer, gebruik u verbeelding en hanteer die situasie.

MMM: Ek het nie tyd vir sulke nonsens nie. Dit is nou regtig belaglik! En wat se musiek is die? Kan ons at least iets anders luister as Kurt Darren?

SSS: Dude, dit is Juanita du Plessis! Haar tunes kook dit uit my ou!

MMM: Wel, sy en Kurt Darren klink in elk geval dieselfde. Nope. Hierdie is nie my scene nie, ek sit uit vir hierdie een. Dit is stupid.

FVV: Meneer, volgens die VVVVVV se reëls moet die kandidate ALLE opdragte uitvoer om te kwalifiseer. Indien u versuim om dit te doen moet u dadelik ons instansie verlaat en alle punte wat tot dusver deur u aangeteken is sal geskrap word en u word dadelik geelimneer van die keuringsprogram.

MMM: Okay, okay, ek sal dit doen. Maar ek wil net hê julle moet weet, dit is belaglik. (*hy krap in sy baadjie se sak en haal 'n tjekboek uit en skryf iets daarop, hy tik die bokspop op sy skouer)* Hey, luister….kom ek en jy maak 'n deal…hoekom koop ek nie vir jou 'n drink nie, dan hoef jy dit nie vir my girl te doen nie, oraait…so hierso….hier is vir jou 'n R1 000 – lekker kuier! Cheers! (*die alarm gaan af en rooi ligte flikker)* Whatever. Stupid pop. (*MMM gaan sit eenkant en haal weer sy foon uit)*

BBB: Dude, jy hanteer dit heeltemal verkeerd. So maak mens. (*hy tik die pop liggies op sy skouer)* Hey, hoor hier….ek weet my ma het altyd gesê mens moet jou speelgoed deel met jou maatjies, maar ek deel my girl met niemand nie! (*hy haak af en slaat die pop plat, die alarm gaan weer af en die rooi lig flikker)* Wat? Wat wil jy hê moet ek doen?

SSS: Tjom, geweld werk nie. Jy moet mooi praat. Asof hy jou buddy is. Soos die: Hy tjom! Howzit! Hoe lykit! Hoor hier, ek het een lewensreël wat die garage my geleer het: jy deel jou toolbox met niemand nie, net jou vriende. Nou ek en jy ken mekaar nie. So kom braai Saterdag by ons dan party ons al drie saam! Wat sê jy huh? By the way, sy drink nie Brannas en Coke nie, so ek sal sommer daai drink vat. Thanks tjom, check jou Saterdag! (*alarm gaan weer af en die rooi lig flikker)* Hey! Wat is jou case??? Deel dan kan almal speel!

WWW: (*kom huiwerig nader)* Ekskuus tog. Jammer om te pla. Luister, ek hou nie daarvan dat jy by my vriendin aanlê nie…seblief, ek wil nie baklei of dinge ongemaklik maak tussen ons nie, maar kan jy asseblief ophou daarmee. Sy is hier saam met my en….uhm…dit maak haar ongemaklik as jy die heeltyd vir haar drankies aandra en met haar gesels en…nee, ek is nie ongeskik nie…ek wil net nie….nee, ek bedoel niks daarby nie….jammer, ek wou jou nie kwaad gemaak het nie….(*SSS trek die bokspop agtertoe en skiet dit vorentoe, die pop tref vir WWW teen die neus, die mans rol op die vloer rond soos hulle lag, maar die alarm gaan nie af nie)*

BBB: Ag shame Willempie! Hy het seker gedink jy wil by hom aanlê!

KKK: Orde! Orde! Spike as jy weer so iets doen word jy summier geskors! Daar word ten alle tye van u verwag om nie by die scenarios in te meng tensy u die betrokke party is wat die toets moet aflê nie. U ontvang dus 5 strafpunte vir die kontaminasie van die emosionele kataris van die situasie.

SSS: Kata-wat? Hoor hier, vloek jy my of komplimenteer jy my?

KKK: Nie een van die twee nie. Sit nou op jou….jammer Emeritus Professorus….GAT en bly stil! (*hy trek sy toga reg)* Jammer vir die vlugtige en kortstondige uitbarsting menere. Ek verkeer tans onder geweldige werkslading en stres. Goed. U laaste praktiese opdrag. Hierdie opdrag sal u vaardighede van oorlewing in 'n krisis situasie toets. Scenario: U kar het 'n pap wiel gekry en julle staan alleen iewers tussen niks en nerens op 'n verlate grondpad. Wat sal u doen om u dame so vinnig as moontlik weer by 'n veilige hawe te kry? Susan? (*die rooi lig flikker, dan bring KKK 'n kar uit karton met 'n spaarwiel en 'n gereedskapkis na vore)* Almal gereed? Musiek. Aksie!

(*die geluid van sonbesies en kraaie is hoorbaar)*

MMM: Jammer, ek sal ongelukkig nie die wiel kan omruil nie. Ek kan, maar ek gaan nie. Hierdie is 'n splinternuwe hemp. Dis okay, my kar is verseker. Kom ons sit net die aircon aan en wag vir die ouens om die kar te kom fix.

KKK: Is dit jou oplossing? Sit in die kar en wag vir iemand anders om dit te kom regmaak?

MMM: Hmmm….ja! Ek het mos gesê hierdie is 'n nuwe hemp?

KKK: So jou hemp is belangriker as jou meisie se gerief en veiligheid?

MMM: Hallo? Nuwe hemp – check, Egte katoen met sy cuffs – check, R3500 – check met 'n tjek…'n wiel omruil en my nuwe hemp vuilmaak – priceless…

KKK: Goed. Volgende.

BBB: Hoor hier Milly….die wiel is pap. Luister, ek kan nie die kar hier alleen in die boendoes los nie, en ook nie vir jou nie. So kom ons sien dit as ‘n onverwagse crossfit sessie: die dorp is 10kilometer daai kant toe. Draf gou in dorp toe ek kry vir ons ‘n mechanic seblief? En jy sal nie spyt wees nie. Jy het hoeka hierdie week jou cardio workout gemis! Jy weet wat hulle sê: NO PAIN NO GAIN! Is jy ‘n wenner! Is jy wenner! On your marks, ready, steady GO!

KKK: Ek is jammer, maar het jy sopas dat jou meisie 10 kilometer laat indraf dorp toe sodat SY iemand kan kry om JOU kar se pap wiel reg te maak???

BBB: Uhm, ja! Daar lê twee tjoklit-papiere in haar handsak. Die oefening sal haar goed doen. Haar seatbelt trek al stywer vandat ons uit Springfontein is! (*die alarm gaan af en die ligte flikker)* Hey! Ek sê maar net!

FVV: Volgende asseblief!

SSS: Okay pops! Moenie panic, want ek is jou mechanic. (*hy glip onder die kar in skreeu)* Righto! Jackie, gee vir my die jack en ‘n Alan Key, ‘n socket en 52 starpoint spanner aan...Thanks bokka....okay, Bokkie, pass my die steelpointer....overskadovers! (*hy glip uit onder die kar en draai die wiel vas)* Hoe lyk dit? Kan ek vir jou vat vir ‘n spin my ding!

KKK: Baie dankie Spike, dit was nou baie indrukwekkend. Omdat jy so handig is en foutloos die pap wiel omgeruil het wil ek graag jou 5 strafpunte weer aan jou terug toeken.

SSS: Yesssss! Jitte, ek moet nou net briek trap, want ek is aan die brand pappie!

FVV: Meneer as jy jou 5 strafpunte wil behou, stel ek voor u bly liewerste dadelik stil. Baie dankie. Volgende.

WWW: (*Willempie slaan in ‘n koue sweet uit en trap ongemaklik rond)* O gatta, ons het ‘n pap wiel...Uhm...weet jy, jy gaan nou baie vies wees vir my, maar ek het nog nooit ‘n wiel omgeruil nie. Toemaar, moenie bekommerd wees nie....ek sal dit gou vir ons Google...(*haal sy foon uit)* Ag vervlaks! Hier is nie sein nie! Toemaar, bly net kalm. Ek sal dit gou-gou ontrafel...dit kan nie so moeilik wees nie...(*hy gaan hurk langs die motor en probeer die wiel optel, dit is een reuse gesteun en ‘n gekreun)* ooooooooo....eina.....wag....nee, dit gaan nie werk nie.....(*hy krap rond in die gereedskapkis en haal ‘n hammer uit)* Dit kan werk....(*hy moker die wiel ‘n paar keer, in die proses slaan hy sy vinger raak en bars in trane uit, hy knyp*

sy hand tussen sy bene en spring rond op een been) Eina! Eina! Dêmmit! Dit is ‘n GROOT EINA! Soe-soe-soe-soe-soe....(*hy steek sy vinger in sy mond en suig dit ‘n paar keer, wanneer hy sy vinger uithaal rek sy oë)* Is dit bbbbbbb---BLOED! (*hy kry net daar ‘n floute en pass uit, al die mans bars uit van die lag)*

WWW: (*skrik wakker)* W-w-wat het gebeur??

BBB: Willempie se vinger was seer!

MMM: Toe val hy neer...

SSS: Op die teer...

BBB: So flou soos ‘n makkou...

MMM: So uit soos ‘n kers...

SSS: Willempie se mammie bring vir hom soentjies en ‘n pleister,

ALMAL: Want sy vingertjie is nou PERS!!!

WWW: Ag stop dit julle ouens. Dit was regtig seer. Ek kon dood gebloei het!

FVV: Dankie menere! Orde, orde asseblief! Kommissaris Koot Kruger, sal u vir ons afsluit met die heel laaste opdrag.

KKK: Ja Emeritus Professorus. Welgeagte here, u aandag asseblief. Ons het aan die einde van ons program gekom, die laaste opdrag van u praktiese afdeling is ‘n TALENT OPENBARING...U het 10 sekondes om die hooggeagte en gerespekteerde raad van die VVVVVV, raadslede en bestuurslede van die akademie, Geagte Meneer die Voorsitter, asook die alumni en ons uitmuntende keuringspaneel van Kandidate van Onvoorwaardelike Liefde te oortuig dat u die perfekte man van 2016 sal wees. Dit sal ‘n trotse oomblik en ‘n eer vir die VVVVVV wees om te kan sê dat u een van ons suksesvolle vryers is. Die droomman waarna elke vrou strewe. Is u gereed? Onthou – slegs 10 sekondes. Emeritus Professorus – die stophorlosie asseblief. (*FVV knik en haal ‘n stophorlosie uit, MMM haal ongemerk ‘n papier uit Willempie se gatsak)*

MMM: (*hy glimlag, haal 'n blink ring uit sy binnesak, gaan af op sy knieë en hou die boksie uit na Susan)* My lief, my geld is te min om ooit vir jou te kan wys hoe diep my liefde vir jou lê...want ek wou vir jou die son koop, ek wou vir jou neem met vakansie na die hemelruim, ek wou vir al die water van die see in jou bad intap, met skuimborrels so groot soos lugballonne...ongelukkig was my geld net genoeg om vir jou hierdie ring te koop. Om jou te oortuig van my liefde vir jou.

KKK: (*verbaas)* Dit...dit is PRAGTIG Mark Markhams. (*Willempie skuif ongemaklik rond)*

MMM: Dankie. Ek weet.

KKK: Waar kom jy skielik aan die gedig?

MMM: Wat kan ek sê, as jy dit het, dan het jy dit.

KKK: Wonderlik! Hoe wonderlik! Die ongeslypte diamand begin skitter! Volgende asseblief.

BBB: (*sak neer en begin pushups doen)* 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10....(*hy flex sy armspier)* Voel hulle nou!

KKK: Is dit al? Is dit jou talent?

BBB: Hey my ou, try jy 10 pushups doen na mekaar?

KKK: Nou goed, nou goed....volgende.

SSS: (*hy sit 'n sweishelmet op en begin iets te doen met 'n 'n stuk draad, wanneer hy klaar is hou hy 'n draad hartjie uit na Susan)* Vir jou my pops. Ek wou net sê as jy 'n spanner in my toolbox was al het ek eintlik 'n socket nodig, sou ek nogsteeds vir jou gekies het.

KKK: Dankie Spike. Dit is mooi. Op 'n baie vreemde manier. Volgende.

WWW: (*baie senuweeagtig, hy kyk na MMM)* Uhm, ek het eintlik nie iets voorberei nie. Ek het ook nie regtig 'n talent nie. Ek is om die waarheid te sê eintlik goed in niks. Ek doen nie sport nie, ek speel nie rugby nie, maar ek kan sing....so uhm...hierdie is vir haar.

(*begin sing, lied sal getoonset word)*

Liefste meisiekind, ek het sopas my liefde ontdek,

Maar hoekom sou jy praat met ‘n gewone ou soos ek?

Ek het ongelukkig geen spiere en hakkel as ek praat,

My kar is ‘n ou skedonk wat vrek na elke straat,

En al voel jy nie so oor my nie is alles goed en wel,

Want al is ons nooit saam nie, jy bly my beste pel.

KKK: (*haal sy sakdoek uit en vee sy trane af)* Willempie dit was....dit was hartroerend. Eerlik. Voorwaar ‘n refleksie van die essensie van jonge onskuld en skone liefde!

MMM: (*gaap hardop)* Klink vir my meer na ‘n bol tjol! Het jy die song vir jou ma vir Moedersdag geskryf Willempie? (*die mans lag ondermekaar)*

FVV: Dankie Menere en welgeagte here, ons het aan die einde van ons evaluering gekom. Ek bring dit weer onder u aandag dat u hierdie vier mans vandag getoets was tot hul uiterste vermoëns, hul vaardighede van hoe om die Eva-geslag op die hande te dra asook hoe om as die sogenaamde Ridder op ‘n wit perd hier uit te gallop die wye wêreld in om die taal van die liefde....ware liefde te verkondig. Menere, welgedaan! Dit was ‘n baie verrykende proses. Kommissaris. Die uitslae asseblief. (*hy oorhandig aan hom die papiere)*

KKK: Dankie Emeritus Professorus. Die uitslae wat ek hier in my hande hou is ‘n kritiese samestelling van punte en kommentaar van ons paneel asook die Akademie en die res vir bestuurslede van die VVVVVV. Elke jong man is op sekere vlakke, mits dit intelektueel, emosioneel of finansieel was, getoets, met sekere ander aspekte soos respek, trots en deursettingsvermoë wat die deurslaggewende faktor sal wees van die uiteinde van die punte aan hulle toegeken. Ek bied dus met graagte aan: ons eerste deelnemer, Buff Bicep Botha – die wenner van Verruklike Voorkoms. (*BBB stap vorentoe en ontvang sy sertifikaat)*

Die jong man sal die vroue se koppe laat draai, alhoewel hy alles met sy vuiste reguit probeer moker en nie ‘n vreeslike hoë emosionele intelligensie openbaar nie, sal die dame aan sy sy altyd veilig wees. Behalwe as sy kar breek...(*kug ongemaklik)*

Goed, ons volgende deelnemer, Spike Spanner Spencer – die wenner van die SO-GEMAAK-EN-SO-GELAAT-STAAN toekenning.

SSS: Yesssssss! Ek het gewen! What a shot, ek het die jackpot! Thanks ou toppie, dipstick! Wow! Dit is awesome!!!

KKK: Spike, jy is voorwaar ‘n unieke meneer. Geen vrou sal ooit ‘n vervelige oomblik saam met jou beleef nie. Baie geluk. Let wel, dit sal ook ‘n baie spesifieke tipe dame moet wees wat by hierdie jong man sal pas....En dan ons laaste wenner: Willempie...

MMM: Hey! Hey! Stop die bus! Waar de hel is my sertifikaat? Ek het al julle stupid opdragte uitgevoer! My pa betaal julle ‘n plaas se prys om my in julle stupid skool te sit! Waar is my sertifikaat? Praat of ek vat ek julle hof toe!

FVV: (*verskyn agter hom)* Ou seun. Jy is gediskwalifiseer....

KKK + MMM: Wat???

FVV: U het my reg gehoor. U was oneerlik. Ek het gesien hoe u Willempie se gedig uit sy sak uit steel en dit kom voordra asof dit jou eie was....Jammer ou seun. Daar is twee dinge wat geld nie kan koop nie – LIEFDE en KARAKTER. Moet dit nooit vergeet nie.

MMM: Maar julle het nie bewyse nie! Willempie het niks gesê toe ek die gedig voorgedra het nie! Jy lieg!

FVV: Hy sou niks gesê het nie, want hy....(*haal ‘n reuse sertifikaat met ‘n goue embleem op uit)* Hy het ‘n hart van goud.

BBB: Bliksem....syne is groter as myne....

MMM: Julle sal weer van my hoor! Ek sien julle in die hof! (*storm uit)*

FVV: Willem Webner, dit is met trots dat ek met die mag en ondersteuning van die hooggeagte en gerespekteerde raad van die VVVVVV, raadslede en bestuurslede van die akademie, Geagte Meneer die Voorsitter, asook die alumni en ons uitmuntende keuringspaneel van Kandidate van Onvoorwaardelike Liefde u verwelkom as die nuwe lid van die VVVVVV. ‘n Man met ‘n hart van goud word vir altyd saam met sy geliefde oud. Geluk jong man! Baie geluk.

FVV: Dankie Professorus, maar ek kan dit nie aanvaar. Ek is nie soos julle nie. Ek is ‘n loser, meisies kyk nie eers vir my nie. Ek sal net ‘n skande en ‘n grap vir die akademie wees. Meisies gaan nie vir ouens soos ek nie. Ek kan nie hierdie groot prys ontvang en ek het nog nooit eers ‘n meisie gehad nie.

SSS: Hoor! Hoor!

BBB: Dude, shutup.

FVV: Willem, weet jy hoekom kry ouens soos ons nooit meisies nie? Want ons wag vir die’ een, ons wag vir ware liefde. Die regte een sal kom. Op haar eie tyd.

WWW: Dankie Prof. Baie dankie.

SSS: Dit is nou sommer ‘n klomp tjol! Sorry ou toppie, maar ek en Buff is chick magnets...ek bedoel, hoe kan ons ‘n ou soos jy ernstig opneem? Jy het nie eers sexy skills nie...

FVV: (*glimlag)* Jong man, jy het nog so baie om te leer....Kommissaris...Musiek asseblief!

KKK: Ekskuus tog Emeritus Professorus, ek begryp nie so mooi wat u bedoel nie?

FVV: Kommissaris...sal jy asseblief my cd speel wat ek in die cd-speler vergeet het.

KKK: (*geskok)* Professorus, u bedoel tog nie daardie babelse musiek was u keuse nie!!! Dit kan nie wees nie! wat...wat...wat sal die Akademie hiervan sê???

FVV: Luister Kommissaris, met alle respekte, ek is mal oor Rina Hugo en ek het die wêreld se respek vir haar, maar daar is net een probleem, sy....wat is die woord tog, sy skud net nie so lekker nie!

KKK: (*geskok)* PROF!

FVV: MUSIEK ASSEBLIEF!

die musiekkeurspel van die openingstoneel begin weer te speel, al die mans dans en beweeg agter die skerms in, tydens die laaste lied van You can leave your hat on, net voor die gordyne sak sien die gehoor hoe FVV se toga deur die lug vlieg, saam met KKK se hoedjie en die vier mans se hempde. Die gordyn sak.

DIE EINDE